

Skriflesing: Deuteronomium 32:1-14

Teks: **Deuteronomium 32:11**

Sing- Ps. 147:1; Ps. 23:1; Ps. 25:2; Ps. 68:9

Moses het dit daar in die woestyn raakgesien, broeder en suster. Iets wat mens van vêraf die harde krasgeluid van die arend kleintjie kan hoor om dan te wil uitvind wat gaan aan. In God se Woord lees ons van die arend *wek haar nes op...* Dit alles gebeur daar waar die wyfie se nes baie hoog tussen die kranse hang, tussen rotswande ingeryg, waar as die klein arend daar uitgebroei uit die nes vanuit die duiselingwekkende hoogtes sou val is daar net een pad grond toe, om dan op die grond te val, morsdood! Nou weet ons die arend word gesien as een van die adelstand onder die voëls. Roofvoël by uitnemendheid, wat gewoonlik net een kleintjie op 'n slag grootmaak en vir daardie kleintjie word daar goed gesorg.

Oor die arend paar en hulle kleintjie gebeur daar op 'n dag dit wat Moses in sy lied wou besing. Vir weke is daar aaneen vir hierdie kleintjie goed gesorg. Die kleintjie kry sy vere en sy vlerke groei uit tot vliegengte. Broeder en suster, wat in die arende sou invaar dit wat Moses daar vóór hom sien gebeur is waar die arend haar nes *opwek*. Eintlik bedoel dit maar net dat sy haar nes in rep en roer bring. Sy begin met haar pote te skrop, haar vlerke begin die kleintjie letterlik uit die nes uit te stoot. Wat sou sy makeer, waarom doen dit sy dit tog, wat sou haar invaar om só iets te doen?! Hierdie arend paar keer eintlik hulle hele nes om soos hulle alles daar deurmekaar skop dat die kleintjie eenvoudig die nes moet uit. Tot op die laaste randjie van die nes, tot op die rand van daardie hoë kranse word die kleintjie gedryf dat die kleintjie geen keuse gelaat word dat hy eenvoudig die nes moet uit en die spartelende kleintjie begin te val. Hy hang dalk nog 'n oomblik in die lug dan begin hierdie bondeltjie grond toe te val.

En nou het Moses daar in die woestyn dit sekerlik self gesien waaroor sy lied ook gaan. Hierdie arend kleintjie se eerste vliegles is waar die wyfie die tuimelende vallende kleintjie in sy val eenvoudig omkeer. Die kleintjie val nog maar dan skiet die wyfie met haar vlug en haar krag eenvoudig onder haar kleintjie in en sy vang die kleintjie bo haar wye vlerkspan en swewend word daar teruggegaan waar dit vir oomblikke veilig en beskut kan wees, tot wanneer die volgende vliegles maar weer sal moet begin.

Geliefdes, hierdie vliegles uit die natuur, dit wat Moses besien en besing, kan nie in die natuur eindig nie. Dit het vir die lewe waarin Moses was, waarin sy volk ook was, vir jare en jare is hulle nou al in die woestyn, baie arende het hulle al daar by hulle sou kon verbyvlieg

en elke keer sou hulle by die gebeurtenis van 'n arend wat haar nes opwek moet erken, maar dit is ook hoe God met ons werk. God is soos die moeder-arend en ons kan nie daarvan wegkom nie. Hierdie gebeure met arende en hulle kleintjie bring ons God se lewenskool binne waar daar baie gebeure in ons eie lewens aangewys word waar hierdie goddelike opvoeding die geseënde onrus na vore bring.

Daardie tye wat God, ja God kan dit vreeslik onrustig om ons maak. U ken sekerlik sulke tye. Daar was nie een van God se kinders wat dit kon vryspring nie. Soos alle vastigheid onder die klein arendjie se pootjies weggeeneem word, so gebeur dit ook in die lewens van mense. God kan my lewe wel onrustig maak. Op 'n gewone dag word Abraham eenvoudig net beveel om uit sy land, van sy ouers, van sy familie van sy huis weg te trek. Waarheen, hoe lank, waarvoor, word hom nie meegedeel nie. Sy nes is opgewek. Ja, keer op keer. Ná jare se omswerwinge en rondtrek, is daar weer die ander nadraai. Al was die belofte 'n groot nageslag ontvang hy en Sara net een kind, net één- en watter opwekking wag daar toe op hom dat hy die kind op 'n manier uit die nes moet haal. Die kind moet geoffer word. Na Moria word Abraham opgedrywe om Isak te gaan offer.

Die voorbeelde van hoe God se kinders in hulle normale lewens, besef dit wat ons normaal noem is eintlik genade. Daar kan skielik die verandering kom wat die lewens huis soos die arendsnes in rep en roer kom. Jakob by sy skoonpa Laban het 'n geseënde boerdery, en tog word die sekuriteit, die klop op eie skouer vinnig 'n klop in die hart en nie meer 'n klop op die skouer nie. Jakob kom eintlik in 'n reeks krisis en hy sou nie daaruit kom dat sy heup hom nie voortaan in sy mank gang sal bly herinner, Jakob jou nes is opgewek! Josef was vir ten minste 17 jaar veilig in ma en pa se warm nes, nogal die bederf kind, en daar verander dit alles. Sy nes word opgewek, sy eie broers laat hom in die put gooi, sy eie broers verkoop hom buite die landsgrense, hy kom in Egipte waar hy nie wou wees nie, as dit sy keuse sou wees nie. Hy word die ruimtes ingeslinger en skielik weer daar weggeslinger, hy beland in die tronk.

As ons dan mag kom by die man wat die lied hier skrywe, hy wat die arend self gesien het, voor die arend sy lied ingekom het, hoe is sy eie nes nie keer op keer, omgekeer, is daar so baie dinge uitmekeargehaal wat hy nie verwag het nie. Moses wat hy die arende sien doen, het hy self aan eie lyf gevoel so is dit ook met my gemaak. God praat hier in die woestyn, daar hoog teen die kranse, tussen die rotse en die arende 'n taal wat hy kan verstaan. Elke

keer is Moses se rus hom weggeneem. Eers in Egipte, die rustigheid in die Faraos huis, die versorging deur sy ma, toe moet hy in Midian kom, toe kom hierdie lange woestyntog. Ja, ons mag dit seker selfs so stel soos met Israel se omswerwinge oor jare deur die woestyn het God se weg met sy volk nie sonder krisisse verloop nie. Krisisse speel geen onbeduidende rol nie. Sommer met die wegtrek uit Egipte, skaars het hulle begin trek, of reeds is Israel teen die Rooisee vasgedruk. Krisis op krisis! 'n See vir hulle ondeurdringbaar en tog het hulle daar kon deur. Ook in die woestyn, as Israel meen hier kan ons darem nou uitspan, dan moet dit verander. Hulle het mooi tye by Horeb gehad, maar daar moes hulle weg, breek op, trek weg, hulle moet dit by die gebergte van die Amorieë wees, sonder die rus van Horeb. Dit wat die arend doen, om sy kleintjie te dra, gebeur, maar dit gebeur nie sonder versteuring nie.

Die geseënde onrus is eintlik goddelike opvoeding en opvoeding het altyd hierdie twee bene. 'n Mens moet selfstandigheid leer maar pasop vir selfstandigheid wat weer sonder die verbond sy weg wil neem. Verbondlose selfstandigheid is verbandlose kerkwees en gou sal kerk-wees wat net op selfstandigheid wil roem, in kerkreg taal noem ons dit independentisme wat die kleintjie alleen laat. Sulke independentisme dra die sweer van eiegeregtigheid, wat as stank in sy sweer baie sterk die eiewillige godsdiens omarm. Waar ons net glo ons is reg, waar ons net ons wil, ons koers, ons prate wil praat, want wat ander praat is sommer by voorbaat reeds vir ons uitgemaak, dat ek is mos selfstandig, ek weet wat ek weet...pasop! Ek besluit ek woon nie 'n tweede diens by nie, ek bepaal die besluite, selfs al word ek met God se agenda gekonfronteer, tog wil die ék nie buig nie... Dit is my besluit.

Wanneer ons selfstandigheid nastreef, dit moet ons wil doen, dan mag dit nie sonder die verbond geskied nie. En nou weet ons die verbond, God se verbond word wonderbaarlik mens se lewe ingebring, wanneer ek dit dalk die minste verwag. Wanneer God dinge in my lewe kan omkeer, wanneer my veilige betrekking, my gerieflike huis en omgewing, my ongebroke gesinslewe, die gladde spieëlvlakke van my geloofslewe, skielik klomp rimpels begin vorm.

Wanneer God die man na sy hart, Dawid in die posisie van die gesalfde inbring, is dit op geen manier 'n nes wat nou met rus gelaat word nie. In sielsverlatenheid en pyn moes hy vir Saul bly vlug en later nog weer, die jare het aangestap, maar sy nes word weer omgekeer, nou moet hy vir sy eie seun Absalom vlug. So het Jona in die krisisse gekom, Paulus op die weg

na Damaskus, Petrus dink aan daardie selfvoldane ek, independentistiese selfstandige ek, ek sal u nooit verloën nie. En nog daardie selfde nag, wat het van die ek geword. Sy nes is opgewek... hy moes uit, 'n bitterlike geweene, is die eie-ek se naklanke...

Die vasvalplekke van ons sondige bestaan kan nie geringgeskat word nie. Ons kan hier maar dink hoe gebeur dit as 'n klein voëltjie in 'n wip vasgevang word en daardie voëltjie word in die hande gehou, hoe daardie hartjie bons en nou is daar ook in ons lewens die gebeure wat voel dit het soos 'n wip oor ons neergeval. Wanneer ek my selfstandigheid te vêr gevat het, dan is dit wanneer God 'n mens weer kan kortvat. Ek moet selfstandigheid leer, maar daar is 'n perk aan alles, selfs om nie te selfstandig te wil wees nie.

Die arendpaar wil hulle kleintjie leer, om selfstandig les vir les, die vlieglesse deur te gaan, want by selfstandigheid moet daardie kleintjie eendag by kan uitkom, maar die opgewekte nes het sy verbondmatige kant nie verloor nie. 'n Verbond het altyd twee kante.... die kleintjie wat leer vlieg sal les vir les besef my afhanklikheid van die een wat onder my moet insweef, selfs moet inskiet, wanneer ek my sou doodval is vir daardie oomblik selfs belangriker as wat ek aanvanklik gemeen het my selfstandigheid my sou dra.

Hoe God met ons werk, is om ons eenkant selfstandigheid te leer, maar ook is die besef van hoe afhanklik ons van God en van mekaar is, is nie hiervan geskei nie. Die Here wat wakend en bewarend oor ons is. Die Here wil nie die vryval en die skerp dieptes ons finale lot maak nie, maar in die brandende proses van heiligmaking is ons dikwels genoodsaak dat die vryval en die sware dieptes in die lewe ons nie gespaar bly nie. Op daardie gesette moment, ja weer soos die arend, daardie enkele gesette moment word ons uit ons rustige bestaan losgeskud.

God beweeg en Hy beplan, God bestuur en Hy rig ons lewens. By God is daar juis ook die element van onrus. Watter onrus praat ons tog van! Selfs dié van die enigste God wat sy eniggebore Seun laat kruisig. God het sy nes, sy eie nes opgewek. Sy Seun daar uitgestoot, met die groot verskil. Die Seun was reeds selfstandig, in alles het die Seun ten volle die afhanklikheid van sy Vader bely, m.a.w. wanneer Jesus in die posisie moes kom waar die arend haar kleintjie inplaas dan gaan dit om ander redes as die redes wat die arend haar kleintjie bring. Daarom was daar nie die opvang, die nader bring, die verdere les wat Jesus moes leer nie. Jesus moes vryval, alleen val, sonder hulp en sonder raad, was hy dood van die kruis afgehaal, dat daar vir u en my hulp en raad kan wees.

Ons hulp en raad kan nou juis kom van Hom vir Wie daar nie hulp en raad was nie en Hy alleen deur alles moes gaan. Al manier hoe die arend kleintjie op die rug van sy ma kon kom is wanneer die ma onder die kleintjie invlieg. Al manier hoe ons nou by God kan kom, al hoe God ons nou dra is deur sy Seun. Die Heilige Gees werk volledig deur. Hy gaan van die Vader uit, maar Hy kom ook na ons deur die Seun. Ons word dubbel gedra. In die hemel tree Christus vir ons in, hier op aarde tree die Heilige Gees vir ons in.

Ons wat uit onself eintlik maar klein voëltjies bly. Ons kan dit nooit sonder God waag nie, ons vlerkspan, ons fladdering is maar net nooit sterk genoeg om alleen die laste van die lewe te dra nie. Daar is te veel wat te maklik en te gereeld gebeur wat geen mens kan en mag sê ek is daarvan gevrywaar nie. Ons bly eintlik voortdurend, lewenslank, waar daardie arend kleintjie sporadies by was, dat God ons deur die lewe moet dra. Dit is soos dit in Psalm 68:20 ook staan- *Geloof sy die Here! Dag ná dag dra Hy ons; God is ons heil...*

As God ons versteur dan maak Hy ons eintlik sterk. Hierdie goddelike opvoeding is wel versteuring maar geen verskrikking nie. Soos Paulus 2 Kor. 4:17 ook skryf- *Want ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlijkheid...* Daarmee saam sê Petrus in 1 Pet.1:6- *Daarin verheug julle, jul, al word julle nou- as dit nodig is- 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge...* God se versteuring in ons lewens vind ook nooit in isolasie plaas nie, daar is altyd die een faktor wat die ander faktor net versterk. Baie keer moet ons uit, in die wind om die warm nes te waardeer, in die storms om te weet die dun lug leer my die vol lug in te asem...

Huweliksmaats word in sulke tye baie keer nader ná mekaar geding, uit siekte leer mens wat lydsaamheid is, uit teleurstelling leer mens aanvaarding, uit die skielike verlies van rykdom en lewensverlies dat God se genade wel genoeg is, selfs by die dood van geliefdes, baie keer met soveel vroeë daaromheen geweef, dan leer ons, ons eintlik burgerskap. Ons is burgers van die koninkryk van die hemele van waar ons Jesus Christus verwag. Ons kan nie die wêreld ons eintlike woonplek maak nie.

Ons hoop kan alleen gevestig wees op die God wat beter weet en wat die beste lewe eendag ons eie sal maak. Al is die versteuring geen verskrikking nie, al kan dit vir niemand lekker wees nie, is die versteuring tog wel middel in God se hand, selfs 'n keurig goed voorbereide middel, ons ten goede. Ons wat dit aanmekaar maar vir onself en vir mekaar moet sê- nooit

is ek my eie selfstandige ek nie. Nooit kan ek maar op my eie regkom en glo ek sal selfstandig die volle lewe kan deurvlieg nie. Vergeet daarvan!

Hierdie lied wat geskryf is, eintlik aan die einde van die reistog, die uittoeg, net voor die intog, dit is moontlik die laaste van Moses. Hierna word die twaalf stamme, stam vir stam geseën en dan sterf Moses, God begrawe hom, met sy lied nog vars in die woestyn geheues. Moses is self maar soos die klein voëltjie wat aan die einde van sy lewe dit eintlik besing, my totale lewe was eintlik maar soos die arend kleintjie. Van onder en van bo moet ons die krag en drakrag en steunkrag van God se uitgestrekte vleuels hê. Anders val ons en sal ons eintlik finaal wég stort die ewige dieptes in. Eenkant leer God ons selfstandigheid, maar juis die verbandelike wat die verbond ons by uitbring, ons selfstandigheid leer ons juis ons afhanklikheid van God.

Ons moet leer om die stormwinde te trotseer, maar dan moet ons juis ook leer dat ons sal nie daar bó uitkom as God se grote krag en sterke liefde ons nie dra nie. Mag Christus hierdie lied van Moses so naby ons bring, dat Christus deur sy verdienste hierdie lied my lied sal maak. Wanneer ons in Christus val, is 'n pletter val nie moontlik nie. Daar was Christus in alle opsigte, die God met ons. En hierdie Immanuel- God met ons het soos 'n adelaargestalte sy arms wyd oopgesper aan 'n kruis, die duistere dieptes van ons ellende ingeduik. Ja, maar ons sien Hom weer, weer met sy arms oopgesprei oor ons, weer die adelaargestalte, maar nou is sy arms wyd en seënend oor ons uitgesprei, terwyl Hy opvaar in die hoogste hoogtes van God se ewige koninkryk.

Ons hartjies wat baie keer soos die van die voëltjie bons, mag ons besef God se genade is onder ons soos arendsvlerke. God wil aan u hierdie les leer dat selfstandigheid is nie vanuit die verbond gesien die teëstelling van afhanklikheid nie. Alleen die sondige wêreld skep daartussen 'n sondige spanning. Ons selfstandigheid is juis die besef van ons afhanklikheid. Ons afhanklikheid van God en van sy Woord en van sy kerk, wat in die verband van kerke ook gesien en gedien moet word, dit moet ons almal laat besef hiersonder kan ek nie aangaan nie. Wie probeer sal op die einde sy vlerkies te kort vind al het hy/sy vêr kon swewe, maar sonder God kan geen mens heel anderkant uitkom nie. Wanneer ons dan weer hierdie week die ruimtes van die lewe ingeslinger word, laat ons die lied sing- uit dankbaarheid- dit bring sekerheid by al die wisselvalligheid- ook in my stram-dom vlerkies- totdat ons afgelaai word

in die nes van ons ewige bestemming- Soos 'n arend sy nes opwek, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels- die Here alleen het hom gelei...

AMEN